DEEL 115 | WEEK 42 | 20 OKTOBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Groot geleentheid vir boere




Mark Scheepers en sy span van Electricite de France (EDFR) is besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om kommersiële windturbines op plase in die Heilbron-distrik te vestig. Hierdie maatskappy skep 'n goeie geleentheid vir boere om meer uit te vind oor hierdie opwindende projek. Die oprigting van kommersiële windturbines is 'n beduidende stap na 'n skoner en volhoubare energiebron in die toekoms vir die Heilbron-omgewing en omliggende areas. Dit is 'n projek wat nie net elektrisiteit aan die gemeenskap kan verskaf nie, maar ook plaaslike ekonomieë kan versterk en nuwe werksgeleenthede kan skep.

Alhoewel daar potensiële areas vir die oprigting van windturbines in die omgewing geïdentifiseer is, is hierdie areas nog nie finaal vasgestel nie. Daarom is die inligtingsdag van groot belang, aangesien dit die geleentheid bied vir boere en grondeienaars om by die gesprek betrokke te raak. Piet van Zyl het 'n lang geskiedenis van betrokkenheid by die Heilbron-gemeenskap en het as plaaslike veearts 'n diepgaande kennis van die omgewing. Hy glo sterk in die potensiaal van hernubare energie en nooi almal wat meer oor die projek wil weet om saam met hom die inligtingsoggend by te woon.

Boere en belangstellendes kan op Vrydag, 27 Oktober 2023, om 14:00, die inligtingsdag bywoon. Die geleentheid sal plaasvind by die Heilbron-gholfklub en bied 'n unieke geleentheid vir die gemeenskap om meer uit te vind oor die besonderse ontwikkeling. Dit is 'n geleentheid wat nie misgeloop moet word nie.






# Eskom skuldverligting vir Ngwathe:

## *Drastiese gevolge moontlik by versuime*

"Spesiale pogings moet tans aangewend word om die munisipaliteit se aansoek om skuld verligting ten aansien van sy Eskom rekening suksesvol te maak. Afskrywing van die Eskom skuld sal 'n enorme verskil aan die munisipaliteit se finansiële posisie maak en elke moontlik geleentheid om dit te bewerkstelling moet met mening aangegryp word," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe.

Gazette het verlede week berig oor die Ngwathe Raad se besluit om aansoek te doen vir die verligting. Een van die vereistes om te kwalifiseer behels die hersiening van die munisipaliteit se register van "armlastiges" (sogenaamde "indigents") om te verseker dat slegs mense wat vir die toegewings daarkragtens kwalifiseer, dit ontvang. Die munisipaliteit is verplig om aan sulke verbruikers 50 eenhede krag en 5 kiloliter water per maand gratis te verskaf, maar het ook 'n wesenlike plig om toe te sien dat sulke verbruikers betaal vir enige verbruik wat die perke oorskry. Die koste van die gratis dienste moet gefinansier word uit die billike deel (sg. equitable share) wat die munisipaliteit kwartaalliks van die nasionale belastingfonds ontvang.

"Dit is noodsaaklik dat die bydrae volgens betroubare statistiek verwerk moet word om te verseker dat dit korrek aangewend word," sê raadslid Van der Merwe. Inkomste gegenereer uit en gevolglik ook winste op die twee handelsdienste kan alleenlik korrek bepaal word indien die fondse van die billike deel reg toegeken en aangewend word. Dit is ook die enigste wyse waarop bv. die inkomste uit elektrisiteit van die res geskei en afsonderlik hanteer kan word." Die skuld verligting voorwaardes vereis dat inkomste bekom uit 'n bepaalde handelsdiens, bv. elektrisiteit, slegs ter bestryding van koste verbonde aan die betrokke diens aangewend mag word. Dieselfde geld vir water en riool gelde.

Die skema vereis voorts dat munisipale inkomste in die sub-handelsrekeninge allereers aangewend moet word ter betaling van die grootmaat krag- en waterrekeninge voordat enige ander uitgawes daaruit bestry mag word. Die munisipaliteit word ook verbied om in die drie jaar periode terwyl die skuld verligting proses geld enige lenings aan te gaan. Die ernstige lig waarin Tesourie die proses beskou, blyk duidelik uit 'n verdere vereiste dat die munisipaliteit moet onderneem om, indien hy nie by die voorwaardes hou nie, hy vrywillig by die Elektrisiteitsreguleerder (NERSA) sal aansoek doen dat sy elektristeitsvoorsiening lisensie gekanselleer word. "Dit is duidelik nodig dat Ngwathe alles moontlik sal moet doen om te verseker dat al die vereistes verbonde aan die skema vir die volgende drie jaar stiptelik aan voldoen word," maan raadslid Van der Merwe.

# Groovist Tournament

## *Soccer and netball*







# Warm gewig van 881 kg



Lee Meat Abattoir, wat 32 km buite Heilbron op die Deneysville pad geleë is, het onlangs 'n buitengewone groot os geslag. Dié reuse karkas, met 'n warm gewig van 881 kg, behoort aan Pierre Fourie van PCF en was 'n Charolais kruising. Die swaarste bul ooit in die Vrystaat, se warm gewig het die 900 kg merk oorskry.



# UIT DIE PEN: Week 42 van 2023



Ons het almal al gehoor van die Menslike Hulpbronne. Toe ek die dag voet aan wal sit by die Universiteit, was ek verstom oor al die rigtings wat jy kon studeer.

Maar dan: ek was ieder geval verstom oor alles.

In doerie jare het ons nie loopbaanvoorligting gehad nie. Wel, dit was op ons klasrooster, maar dit was 'n periode waarin meneer nie daar was nie en ons al die huiswerk kon inhaal. Weliswaar was die periode nie lank genoeg vir sommige nie.

Met my aanlegtoetse ontmoet ek iemand wat grafiese ontwerp gaan studeer. En ek vra, soos 'n plattelandse nikswerter, wat dit is? Natuurlik was die jong dame van die stad en het my sommer geïgnoreer. Iemand anders het vervoeringenieurswese studeer. Dit klink selfs nou nog vir my na 'n heerlike beroep.

Toe ek in die universiteitskoshuis land, vertel iemand in my gang dat sy Menslike Hulpbronne studeer. Ja, goed, wat dit ook al is. Ek leer chemie en fisika en dierkunde en plantkunde en het geen idee vir watter rede jy mense as hulpbronne wil bestudeer nie.

My eerste kennismaking met 'n Menslike Hulpbonnebestuurder (dis regtig 'n lang woord, ek vra toestemming en verskoning dat ek van nou af van HR gaan praat) was by die skool in Pretoria. Daar was 'n vriendelike dame wat my 'n kontrak gegee het, my bankbesonderhede wou hê, vir my gevra het watter kursus ek wou doen en of ek betrokke wil wees by sportaktiwiteite.

Aanvaarbaar, dog ek.

My tweede kennismaking met HR was redelik traumaties. Die mens het aangekom met opleidingsplanne, beleide, hoe ons ons maatskappy moet bestuur. Sy was okay, maar wat sy probeer het, het nie vir ons maatskappy gewerk nie. Ons moes die moeilike besluit neem om haar kontrak te kanselleer. En daar gaan ons HR konsultant.

Twee weke gelede het my oë oopgegaan, amper soos 'n baba Labrador s'n. Frederic Laloux was 'n vennoot in die veelbesproke McKinsey maatskappy. Hy het 'n MBA en een of ander graad in opleiding en personeelontwikkeling. Hy het 'n boek geskryf oor organisasies se werkskultuur.

Hy groepeer organisasies na aanleiding van die bestuur en werksaamhede, wat dalk ingebore is, of spesifiek is omdat elke organisasie 'n sekere taak en kultuur het.

Voordat ek verduidelik hoe hy organisasies groepeer het: hy het vier prestasievlakke geïdentifiseer: insette, uitsette, uitkomste en impak. Insette kan beskou word as leer- en ontwikkelingsgeleenthede vanaf die maatskappy se kant. Uitsette is aktiwiteite wat gelewer moet word. Uitkomste word gewoonlik deur die werkgewer geïdentifiseer na aanleiding van die maatskappy se behoefte en die impak is die positiewe verskil wat 'n werknemer kan maak.

Volgens hom is rooi organisasies baie militêr van aard. Jy doen wat vir jou gesê word, en basta. Die bestuur is net geïnteresseerd in die uitset: het jy gedoen wat ek vir jou gevra het? Is al die aktiwiteite op jou lys voltooi? Die werknemer word as 'n menslike hulpbron beskou, want hulle moet 'n sekere aktiwiteit voltooi. Amper soos 'n masjien.

Amber organisasies is minder militêr. Hier word ook instruksies gegee, maar die werknemer kry 'n geleentheid om die uitkoms te bepaal. Sekere instruksies is uitgevoer, en daarom het ons maatskappy meer mense bereik of 'n beter inkomste kon genereer. Hier het ons steeds met 'n menslike hulpbron te doen: iets moet gedoen word sodat 'n uitkoms bereik kan word.

Oranje organisasies gee die werknemer die kans om self sy uitkomste te bepaal: Wil jy graag meer kliënte hê sodat jou inkomste kan verhoog? Indien wel, watter aktiwiteite stel jy dan voor moet geïmplementeer word? Sodoende kan die werknemer self besluit hoe hy of sy hulle werk gaan doen om die uitkoms te bereik. Oranje organisasies het steeds menslike hulpbronne: mense kan kies hoe hulle iets wil doen, maar hulle voer steeds die werkgewer se opdragte uit.

Groen organisasies werk amper dieselfde as die oranje vriende. Die werknemer kies watter uitkoms hulle wil bereik. Hulle kies dan aktiwiteite om daarby te pas. Maar die groot verskil lê hier: hulle kan die werkgewer vra om hulp. Miskien 'n kursus wat hulle wil voltooi. Of 'n mentorskap program. Die werkgewer belê dus in die werknemer om hom of haar meer toe te rus vir hulle werk. Die werknemer is nou nie meer 'n menslike hulpbron nie, maar word as menslike kapitaal geag. Jy doen werk vir ons, maar ons belê in jou ontwikkeling. Jy is nie meer net 'n klein ratjie in die onderneming nie, jy is vir ons goud werd.

Ek gaan nie die volgende soort organisasie verduidelik nie, want ek het my punt gemaak.

Om as 'n menslike hulpbron geag te word, voel soms om soos 'n masjien te werk, nooit die kans te kry om jou eie sleutel verantwoordelikhede te bepaal nie, en om nooit ontwikkel te word tot op 'n sekere vlak nie.

Toe ek agterkom dat ek regtig vir my werkgewer iets werd is, nie net om elke dag soos 'n goeie en getroue, breinlose werker te werk nie, het my siening verander. Ek het ook agtergekom hoekom 'n paar vorige werknemers bedank het. Hulle was gewoond en was geprogrammeer om net te doen, met militêre presisie sonder om self te ontwikkel. Hulle wou hê ander moes meer militêr word, wat nie moontlik was nie. Party mense floreer in so 'n omgewing, ander nie.

En wanneer 'n werknemer agterkom hoe waardevol hulle vir die wergewer is, verander hulle perspektief en ingesteldheid.

As jy 'n baas is, kan jy gerus gaan nalees oor Laloux. Daar is natuurlik kritiek op sy benadering, net soos die ander bestuursmodelle kritiek het. Die idee is dat elke organisasie sy eie benadering ontwikkel en die bestuur daarvolgens inlig en adviseer.

Ek is iets werd vir my maatskappy. Is jy?

# INSPIRASIE RESEPTE -


Pasch du Plooy

This easy recipe utilizes Naartjies that's currently available. The soft skin of Naartjies lends itself to this quick way of cooking a marmalade. It's delicious with a cheese board or just on toast!

Preparation time – 3 hours
Cooking time – 3 hours
Serving – about 2 jars

**QUICK NAARTJIE PRESERVE**

**Ingredients for Preserve**

1.5 kg Naartjies, cut in halve, sliced and seeds removed
3 cups sugar
4 cups strong rooibos tea
Juice and zest of 1 lemon
Spice sachet
6 cloves, whole
1 stick cinnamon
2-star anise
2 pieces of mace
4 black peppercorns, whole



**Method for the preserve**

Place the sliced Naartjies in a heavy base pot and add the sugar, lemon zest and juice. Mix well. Cover the pot and let it stand for at least 2 hours. While you wait, place all your spices in a muslin cloth and tie it off so the spices can't fall out.

After two hours, put the pot on a low to medium heat. Now add the rooibos tea and spice sachet and stir well. Make sure to stir until all the sugar is dissolved. Bring the preserve to a slow boil and reduce the heat to low. Cook the preserve, while stirring every now and then, until thick and syrupy. Remove the spice sachet. Place preserves in a sterilized jars and refrigerate.

**How to serve**

Serve on hot buttered toast or with your favourite cheese board.

**Chefs note:**

You can add some fresh chilli for an extra bite!

# Op die ouderdom van 103 jaar oorlede



Tannie Kitty Naudé is Saterdag ter ruste gelê. Sover daar vasgestel kon word was sy die oudste inwoner van Huis Bron-van-Heil op Heilbron. Sy is Woensdag 11 Oktober oorlede op die rype ouderdom van 103 jaar en nege maande. Tannie Kitty was die laaste oorlewende van sewentien Kleynhans broers en susters. Op haar dae was sy 'n kranige tennisspeler en het dié liefde ook aan haar kinders oorgedra. 'n Boervrou in murg en been, het sy saam met haar oorlede man Basie op die plaas Eerstegeluk in die Heilbron distrik geboer. Uit dié huwelik is 5 dogters en 'n seun gebore.

*Op die foto bo tannie Kitty op haar 99ste verjaarsdag.*

# 1972 Matriekklas hou reünie




*Die Matrieks van Willem Pretorius, klas van 1972, het op 7 Oktober hul 51ste Matriekhereniging by Waterfront Country Lodge in Vanderbijlpark gevier. Dié aand was gevul met gesellige kuier en herinneringe aan die ou skooldae. Op die foto agter vl: Johan Weilbach, Alta Gregory (Du Toit), Christo Vosloo, Elsabé Viljoen (Roos). Middel: Louisa Jonker (Underhay), Martie Myburgh (Vrey), Marga Ley (Bezema), Franci Watts (Naudé), Sophia de Bruin (Calitz). Voor: Susan Greyling (Spies), Hester du Preez (Myburgh), Wilna Turner (Spies). Foto: Johnny Watts*

# Ingesluit in Vrystaat krieketspan



*Jordan Buitendag, 'n leerling van Hoërskool Heilbron, is onlangs ingesluit in die Vrystaat O/13 B-krieketspan. Ons wens hom baie geluk en sukses toe en dat sy harde werk altyd beloon sal word.*


Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.
**Fabriek sluit 15 Desember 2023 & winkel sluit 20 Desember 2023.**
**Fabriek & winkel open DV 8 Januarie 2024.**
















HP CRANES CO
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Cnc Plasma Snywerk
· SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
· STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
· BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR


SULTING (PTY) LTD
SWL. 8000 KG
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
· GIF MENGTENKS
· SAADMENGERS
· STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
· SPIRAAL ROLLER
· SPUITE
· STROPER SLUITPARTE
· VERVOERBANDE
· WAENS
Herstelwerk
· AGRI IMPLEMENTE
· ALGEMENE SWEISWERK
· SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK
Trailers: ONDERDELE & SEILE
triangle
WEWELER
HENRED FRUEHAUF
Bearings
· ALLE TIPE BEARINGS
· RATKASTE
· MOTORS
BEARINGS INTERNATIONAL
BMG
Hidrolies
· VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
· ALLE GROOTTE PYPE
· MULTI-SPIRAL PYPE
· SILINDERS
· MOTORS
www.ejsm.co.za

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Wepener**
First names: **Hester Cecilia**
Estate Number: **3691/2023**
Identity/passport number: **311128 0009 087**
Date of death: **30/04/2023**
Last address: **1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 20 October 2023 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Petrus Steyn.
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF:**
**DATE SUBMITTED: 2023/10/13**
**PUBLICATION DATE: 2023/10/20**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **Findlay**
First names: **John Wallace Henry**
Estate Number: **8315/2022**
Identity/passport number: **560801 5092 088**
Date of death: **16/04/2022**
Last address: **127B Flower Street, Capital Park, Pretoria**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 20 October at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Koppies.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**Maria Margarett Findlay**
Identity/Passport Number: **610212 0031 081**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REF: B0107/0531**
**DATE SUBMITTED: 2023/10/11**
**PUBLICATION DATE: 2023/10/20**


**POSTNET HEILBRON**

**BESIGHEIDSURE**

**Maandae - Vrydae:** 08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

*Elsstraat 42, HEILBRON • Tel: 058 853 0006*

**WINKELURE**

**MAANDAE – DONDERDAE:**
07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE:** 08:30 - 13:00


Herald Office National

**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


## BEDANKING

Hiermee wil ek net namens die publiek DJ Potgieter bedank vir die gereelde instandhouding van die Heilbron-Deneysvillepad. Baie dankie. Dit word opreg waardeer en gaan nie ongesiens verby nie.

Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# TE HUUR

**HUIS TE HUUR MIDDEDORP**
3 Slaapkamerhuis met dubbelgeriewe, dadelik beskikbaar.
**Skakel**
**084 257 6745**

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


## SOEKIE SOEK 'N LIEFDEVOLLE HUIS

Soekie is 4 jaar oud, op datum ingeënt en gesteriliseer.

Gratis beskikbaar.
Kontak
Julyan Bruyns
082 372 0047



Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **15 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.

*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*
**Fabriek sluit 15 Desember & winkel sluit 20 Desember 2023. Fabriek & winkel open 8 Januarie 2024.**
**Elsstr. 44 Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**









# HERALD Sport



# Familie oorheers rolbal

Die Trips Klubkampioenskappe is die afgelope naweek gespeel. 6 spanne het meegeding om die trofee. JC Pretorius het saam met skoonseun Edward en kleinseun RJ Muller weggestap met die louere.

Die naweek van 21 en 22 Oktober word die Valsrivier Trips op Vredefort beslis. 3 Mans spanne en 1 dames span neem deel.

Goeie nuus is dat Sonja Muller verkies is tot die NFS B-span wat volgende jaar in George gaan deelneem.

Ons eie Rudi Jacobs is gekies as Nasionale Keurder vir Rolbal Suid-Afrika.

Wat die Besigheidsliga betref, die finale word gespeel op 19 Oktober. Die span van JCB en Van Rooyen Boerdery stoei om die 1ste plek. Die Bestuur van Heilbron Rolbalklub bedank al die besighede en toeskouers vir die ondersteuning die afgelope 4 weke, asook borge Pioneer, Bayer, Telwiedré en Pakworks.

# Heilbron net kort van Sasolburg se teikentelling

Sasolburg se krieketspan het 'n stewige telling behaal met 'n totaal van 172 lopies op die telbord. Dit was 'n indrukwekkende vertoning wat die span se vaste grondslag in die wedstryd beklemtoon het. Heilbron se aanvanklike kolwers het 'n sterk fondament gevestig met 'n telling van 50 lopies voordat die eerste paaltjie gekantel het. Die span het die spel met oorgawe en ywer aangepak, maar het uiteindelik 'n telling van 145 lopies aangeteken. Theuns Botha is as die speler van die wedstryd aangewys, en dit was beslis vir 'n goeie rede. Sy boul vaardighede het uitgestaan, met slegs 16 lopies wat in sy vier beurte afgestaan is, en hy het een paaltjie geneem. Die volgende krieketwedstryd is Saterdag, 21 Oktober wanneer Heilbron teen Route 66 in Vanderbijlpark speel. Dit beloof 'n spannende ontmoeting te wees. Daarna is daar drie opeenvolgende wedstryde by Heilbron Hoërskool oor die volgende drie naweke. Onthou, daar is gratis toegang vir al die ondersteuners wat die span kom aanmoedig, asook 'n vleisie oord die kole wil gooi. Dit is 'n opwindende tyd vir krieket liefhebbers, en dit lyk asof daar nog baie spanningsvolle oomblikke op die veld wag.



*Op die foto vl: Armand Smit en Theuns Botha.*

